

Sing vooraf staande: Psalm 87:1, 4, 5 (p. 438)

- 1 Hoe grondvas staan Jerusalem se walle, / Gods ewige bergwerk wat nie skok of skud!
Bo al die Jakobswonings, huis of hut, / het God aan Sions poorte^on welgevalle.
- 4 Hul almal, nou tot nuwe heil verkore, / sal kom, selfs uit die allerverste land.
Hul sien God hou die moederstad in stand / en jubel: Dié en dié is daar gebore!
- 5 Die HEER self skryf hul op, die duisendtalle, / een-een, gebore uit die volkeskaar;
en singend, juigend klink die lofstem daar: / Ons heilsfontein stroom neer uit Sions walle!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 75:1, 4 (p. 377) (op die melodie van Sb 18-7)

- 1 U alleen, U loof ons bly – / ja, ons jubel tot u eer!
Want u Naam is, troue HEER, / vir u volk tot troos naby.
Daarom roem ons in ons land / al die wonders van u hand.
- 4 Die verlossing, roem en eer / kom nie uit woestyne ver,
nie uit oos of weste her; / want die Regter is die HEER.
Hy sit bo die hemelboog – / Hy verneder en verhoog.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 25:2, 6 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.
- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

Gebed

Psalm 8:1, 2 (p. 30)

- 1 Daar is geen land so ver of woës geleë, / geen strand, o HEER, of wilde waterweë,
geen hemelsfeer in die oneindigheid – / of orals blink u Naam en majesteit.
- 2 U het, o HEER, wat troon oor alle dinge, / uit kindertaal en stem van suigeling
u mag gegrond, sodat die mens moet swyg / wat, hoog van hart, uit wraakbegeerte dreig.

Skriflesing: Psalm 8

Kernverse: Psalm 8:10

O HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!
(Psalm 8:10 AFR1953)

Tema: Ons HERE se Naam is heerlik op die hele aarde; onder die mens se hand moet elke skepsel die lof van die HERE besing!

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, mense wil graag groot en belangrik wees. Diep in elke mens is daar die begeerte dat ander mense hom of haar moet raaksien. Ons wil nie op die kantlyn geskuif word nie. Ons wil graag deel van die groep wees waar die dinge gebeur. In kort gesê, ons wil mense van naam wees. Maar in ons besig wees om vir onself naam te maak in hierdie lewe, is ons inderwaarheid besig om onself meer en meer ongewild te maak.

Hoe kan 'n mens nou so iets sê? sal jy dadelik kan vra. Ons kan so iets sê omdat elke mens wat vir hom- of haarself naam wil maak dit met eie krag en vermoëns doen. Met ons eie prestasies wil ons onself aanvaarbaar maak vir ander mense. Met ons eie kragte en slimghede wil ons vir ander mense sê: Julle kan my nie miskyk nie, kyk net hoe goed en mooi en wonderlik is ek. Julle kan nie anders nie, julle moet my aanvaar.

En nou van die ander kant af gesien, hoe reageer ons op iemand wat hom of haar so by ons kom aanstel? Ons reageer negatief en afwysend op sulke gedrag. Wat bereik ons dan met ons aanstellerigheid? Ons het onself ongewild gemaak.

Vir die gelowige is daar immers net Een Iemand wat belangrik is en regtig groot van Naam is. Hierdie Iemand is die HERE, ons Here. Hy is die grote en almagtig God. Die Skepper van alles wat ons kan sien en ook van alles wat ons nie kan sien nie. Hy regeer oor alles wat geskep is. Niks gebeur sonder dat Hy daarvan weet nie. Alles wat in sy skepping gebeur, gebeur omdat Hy daarvoor regeer. Daar is niks en niemand in die hele skepping wat so groot en almagtig is soos ons Here nie.

Die mense wie se oë en harte deur die Heilige Gees aangeraak is, die mense in wie die Gees die geloof gewerk het, is in staat om die grootheid en almag van die Here raak te sien in sy werk. In hulle het die Heilige Gees die geloof gewerk sodat hulle oë vir die Here se almag kon oopgaan omdat die Here Homself met sy verbond innig en persoonlik aan hulle verbind het. Die almagtige God, die Skepper van hemel en aarde, het 'n persoonlike en intieme verhouding met sy mense begin sodat sy Gees hulle oë kon laat sien hoe groot en heerlik hulle Here se Naam is.

Oor die hele aarde weerklink ons Here se groot en heerlike Naam deur sy skepping. Aan die hemelruim, wat die hele aardbol omspan, het ons Here sy majesteit – sy koninklike heerskappy – vasgelê. Dit is die HERE, ons Here wat die son elke oggend laat opstaan om die aarde te verlig. Die Here het die aardbol op sy presiese hoek gekantel sodat die son 'n vaste pad daar rondom het en die seisoene mekaar kan afwissel.

Die HERE, ons Here, het die waters bymekaargemaak soos in 'n net om dit in sy skatkamers te hou. Hy maak die deure van sy skatkamers oop op die tyd wat Hy bepaal het om selfs 'n droë en dorre land sopnat te maak sodat daar groen gras kan uitspruit. Hy hou die donderwolke en weerligstrale vas tot op die regte tyd wanneer dit die aarde moet tref.

En in die aandskemering is dit die HERE, ons Here, wat die lugruim beskilder met allerhande kleure van die reënboog wanneer die son sy laaste strale oor die westelike horison laat gaan. Dan is dit nog nie die einde van ons Here se majesteit nie. Hy het die Suiderkruis in die sterrehemel vasmekaar sodat die mens selfs in die nag koers kan hou. Hy het die maan 'n vaste baan om die aardbol gegee sodat die waters van die see hoog en laag kan styg en daal. In die grootsheid van sy skepping getuig die Here van Homself. Sy Naam is groot en heerlik oor die hele aarde.

Maar nou, broers, susters en kinders, gebruik die Here nie net die grootsheid van sy skepping om die heerlikheid van sy Naam sigbaar te maak nie. Hy gebruik ook kinders en suigelingte om van sy majesteit te getuig. Daar in ma se arms lê 'n klein babatjie rustig en slaap. 'n Bitter klein mensie en sy lewe. Daar is 'n hartjie wat klop en longetjies wat kan asemhaal. Elke deeltjie van daardie babatjie is so volmaak deur ons grote God aanmekaar geweef dat daardie babatjie kan leef en grootword. Geen

mens is in staat om met sy hande 'n mensie aanmekaar te weef wat groei en groot word nie. Net die HERE, ons Here, kan dit doen.

En dan gaan die Here nog verder. Sy Gees gee aan kinders die geloofsoortuiging dat hulle mag weet en vertrou dat die Here ook hulle God is. Hy gee aan hulle verstand om te begryp dat Hy almagtig is. Hy gee aan hulle die vaste vertroue dat Hy ook hulle getroue hemelse Vader is. Hy gee aan kindertjies 'n mond om sy lof te besing en om teenoor elke mens te getuig dat die Here alleen groot en goed is. Die HERE, ons Here, laat die heerlijkheid en grootheid van sy Naam weerklink uit die bestaan van 'n klein babatjie en uit die mond van klein kindertjies sodat sy vyande en teëstanders verstom staan. So groot en almagtig is die Here ons God, geliefdes. Sien jy ook raak hoe belangrik en groot die Naam van ons Here is? Hy is die belangrikste en grootste van alles wat ons kan ken en sien. Hy is die almagtige God en Hy is ons HERE omdat Hy Homself aan ons verbind het.

Saam met Dawid staan ons nou in verwondering, geliefdes. Ons kyk op na die hemel en sien die Here se magtige werke raak. Ons kyk na die wonder van 'n klein mensie in ons arms wat lewe en groei. En die verwondering word groter as ons voor die geheim van ons eie bestaan te staan kom. Ons sien al hierdie grootse werke van die Here raak en vra: **wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien?**

In die grootheid van God se hele skepping is ek en jy maar spikkeltjies, stofdeeltjies wat nie eers die weegskaal se naald kan beweeg nie. Tog het die Here ons net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak. Saam met die engele is ons skepsels uit die hand van die Here. Tog is ons teenoor die engele net daarin minder dat ons nie nou al in die direkte hemelse teenwoordigheid van God kan wees nie. En hoewel ons nietige skepsels is, dink die Here aan ons en sien Hy om na ons.

As die Here aan die mens dink, is dit nie maar net mooi herinneringe aan die volmaakte mens wat Hy doer in die verre begin gemaak het nie. As die Here aan die mens dink, is dit 'n daad van genade, 'n daad wat sigbaar en hoorbaar word. Ja, die Here onthou dat die mens eenmaal volmaak was, maar toe het hulle daarna in sonde geval. En die Here het aan sy mense gedink. Hierdie gedagtes van God het daad geword in Jesus Christus.

Die Seun van die lewende God het mens geword. Hy is as klein babatjie gebore in hierdie stukkende wêreld om met sy heilige en volmaakte lewe elke klein babatjie se onvolmaakte en onheilige lewe voor die aangesig van God te bedek. Die Seun van God het mens geword om die hoogste prys vir elkeen van God se mense te betaal. Met sy kosbare bloed het Hy ons losgekoop uit die heerskappy van die duiwel en uit die heerskappy van ons eie sondige geaardheid. Hy het die dood oorwin om die nuwe lewe vir ons te verwerf.

Nou gaan die Here ons God nogeens verder. Hy sien om na mensekinders. Hy skenk sy Heilige Gees aan ons om ons in die nuwe lewe in te begelei. Met die Woord van die Here regeer en lei die Heilige Gees ons. Hy stel ons in staat om die verwaande gedagtes in onself te oorwin en dood te maak. Hy stel ons in staat om op te hou dink dat ons so belangrik en mooi en goed is. Hy lei ons op die pad van volmaakte gehoorsaamheid aan Christus langs die weg van selfverloëning en vernedering.

Hoekom dink die Here so aan die mens? Hoekom sien Hy om na die mensekind? Hy doen dit, want Hy het die mens met eer en heerlijkheid gekroon. Die Here gee aan die mens aansien, want Hy plaas in die hand van die mens die gesag om oor elke skepsel te regeer. Die Here vertrou sy handewerk aan mense toe. Die Here gee sy handewerk in die hande van mense en Hy weet hierdie mense se hande is broos. Hy weet ook dat hierdie mense aan wie se hande Hy sy werk toevertrou, mense is wat geneig is om net mooi die teenoorgestelde te doen van dit wat Hy vra. En tog sê Hy vir die mens: Heers oor my skepping, pas my skepping op en bewerk my skepping.

Geliefdes, wanneer ons dit hoor, kan ons maklik dink dat die Here baie waag. Hy plaas dan die voortbestaan van sy skepping op die spel, want die hande waaraan Hy dit toevertrou is sondaarshande. As die Here sy handewerk in sondaarmense se hande plaas, is Hy nie waaghalsig nie. Hy verwag nie van 'n mens om iets te doen wat die mens nie kan doen nie.

Pa en Ma, julle wat julle kind vanoggend bring om gedoop te word, in julle hande het die Here daardie wonderwerkjie van 'n mensie geplaas. Aan julle het Hy sy Heilige Gees gegee. En deur die Gees en Woord gee die Here alles wat julle nodig mag hê om daardie kindjie van die Here groot te maak. Hy het julle verlos en sy kinders gemaak omdat Hy met julle 'n persoonlike verhouding het. Hy doop vanoggend sy kind om vir julle en vir ons almal te wys dat Hy ook met daardie kindjie van Hom 'n persoonlike verhouding het. En nou gaan julle vanoggend ten aanhore van die hele gemeente vir die HERE, ons Here, belowe dat julle daardie kindjie sal grootmaak en opvoed sodat sy haar Here sal ken en liefhê. Maak dan nou daardie kindjie groot, want deur julle opvoeding wil en gaan God die kind gebruik om sy lof en heerlijkheid te besing. Met die mond van julle kind wil God sy teëstanders tot stilswye bring.

En, geliefde gemeente, nou sê die Here nie maar net vir hierdie doopouers dat hulle hulle verbondsbelofte moet nakom nie. Hy praat ook met jou en met my oor sy kinders wat Hy onder ons sorg geplaas het. Vanoggend herinner die Here ons ook aan die belofte wat ons aan Hom gemaak het toe ons kinders gedoop is. Voed ons nog ons kinders so op dat hulle ons Here kan liefhê en vertrou? Onderrig ons hulle nog in die Woord van die Here sodat hulle hulle geloof ten aanhore van die hele wêreld kan bely en so die heerlijkheid van ons Here se Naam kan besing?

Nou gaan dit nog 'n stap verder, broers, susters en kinders. Ons was nie maar net toeskouers van hierdie kindjie se doop nie. Ons is nou saam met die ouers gebind aan hulle belofte, ons is immers getuies van hulle belofte. Hierdie ouers en hulle kind is ook in die hande van die gemeente gegee. En aan ons almal gee die Here die verantwoordelikheid, Hy bekroon ons met eer en aansien, sodat ons na mekaar sal omsien. Gelei deur die Heilige Gees moet ons met die Woord van die Here mekaar bystaan in die opvoeding van die Here se kinders. Daarom moet ons mekaar met raad en daad bystaan en ook vermaan indien dit nodig is. Geliefdes, ons moet ons broers en susters toelaat om ons te help en te vermaan, want ons is in mekaar se hande gegee deur die Here.

En wanneer ons die Here se kinders opvoed, gaan dit nie net oor hulle geloof in God en Christus soos wat dit tot uitdrukking kom hier in die erediens of by katekisasie of by huisgodsdienste nie. Ons verhouding met God is mos nie net 'n klein deeltjie van ons hele lewe nie. Ons geloof in ons Here neem ons hele lewe in beslag. Ook hoe ons met die diere en plante van die Here omgaan, is uitdrukking van ons verhouding met God. Die Here gee mos sy hele skeppingswerk in ons hande om daarvoor te heers, dit op te pas en dit te bewerk. Ook hoe ons van ander mense en met ander mense praat is uitdrukking van ons verhouding met God. Christus se volmaakte en heilige lewe bedek mos nie net ons kerklike lewe voor die aangesig van God nie maar ons hele lewe. Die Heilige Gees regeer en begelei ons in die nuwe lewe in Christus nie net wanneer ons die Bybel in die hande het nie, maar ook daar waar ek met die hele skepping van God te doen het.

Geliefde broers, susters en kinders, in ons hande plaas die HERE, ons Here, sy hele skepping sodat ons daarvoor sal heers, dit sal oppas en bewerk. Daarom het Hy ons sy kinders gemaak en daarom het Hy ons met eer en aansien bekroon. En die bedoeling van dit alles: ons moet so oor alles heers en dit so bestuur, sodat die lof en die heerlijkheid van God se Naam nog duideliker en helderder oor die hele aarde sal weerklink.

Ons sluit af, geliefde gemeente. Uit onself uit en op ons eie kan ons nie vir ons naam maak in hierdie wêreld nie. Ons kan nie met ons eie vermoëns en prestasie onself belangrik maak nie.

Inteendeel, ons is maar nietige mense. Vir ons gelowiges is daar net Een wat belangrik is, en dit is die HERE, ons God. En alles wat ons doen, die grootmaak van ons kinders, ons dienswerk as gelowiges, ons heers oor die skepping en ons omsien na mekaar, doen ons omdat God die werke van sy hande in ons hande geplaas het. En ons doen ons werk sodat die hele skepping en alles wat die Here in ons hande geplaas het saam met ons die lof en heerlikheid van die Here se Naam nog duideliker kan verkondig. Wanneer ons so gehoorsaam in ons verhouding met die Here leef, maak Hy, die grote God, van ons mense van betekenis.

Amen!

Slotgebed

Formulier vir die bediening van die heilige doop aan kinders

Doop

Psalm 105:1, 5 (p. 514)

- 1 Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
en bring sover daar volke is, / sy dade in gedagtenis;
en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.
- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

Psalm 8:3, 4, 5, 7 (p. 30)

- 3 As ek, o HEER, u nagtelike hemel / daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;
hoe, deur U toeberei, die skugter maan / met stille gang oor sterrevelde gaan –
- 4 wat is die mens dan dat U hom gedenk het, / die mensekind wat U so ryk beskenk het!
Met eer en heerlikheid is hy gekroon, / skaars minder as die eng'le om u troon.
- 5 U laat hom heers. Tot aan die verste strande / gebied hy oor die werke van u hande.
U het, o HEER, dit onder hom gestel, / dit hoor sy stem en beef voor sy bevel.
- 7 Ja, daar's geen land so ver of woes geleë, / geen strand, o HEER, of wilde waterweë,
geen hemelsfeer in die oneindigheid – / of orals blink u Naam en majesteit.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
4 Maart 2012